# Magiese Verhale

# Die Reus en die Skoenmaker

THINK
DIGITAL ACADEMY



Eendag was daar ’n norse reus wat nie baie van mense gehou het nie. Maar meer as enigiemand anders, het hy nie van die mense wat in die dorp Shrewsbury gewoon het gehou nie. Op ’n dag het hy besluit: hy gaan van hulle almal ontslae raak – AL die mans, AL die vroue, AL die kinders en AL die babas.



Daar was ’n rivier wat naby die dorp Shrewsbury verbygevloei het.

“Ek sal die rivier opdâm,” het die reus gesê, “en die dorp oorstroom. Dan sal almal wat daar woon verdrink.”

Dit is inderdaad baie maklik vir iemand so groot soos ’n reus om ’n rivier op te dâm. Al wat hy moes doen, was om ’n graaf vol grond – natuurlik ’n reusegraaf – op te tel en die grond op die regte plek neer te gooi.



Die reus was eintlik maar redelik dom. In plaas daarvan om te wag tot hy by Shrewsbury kom voordat hy sy graaf met grond volmaak – wat hy baie maklik sou kon doen – het hy dit sommer buite sy eie grot met grond volgeskep.

Dit was ’n warm dag. En selfs reuse raak moeg, veral as hulle ’n groot hoop broserige grond dra en probeer om dit nie te mors nie. Iewers – dit moes wees toe hy sy toon teen ’n klip stamp en amper die grond op sy eie voet laat val – het hy die pad misgeloop.



“Dit lyk my ek is verdwaal,” het hy gesê en langs die pad gaan sit – nog steeds met die graaf vol grond in sy hand – en gewag dat iemand verbykom en vir hom sê watter rigting om te vat.

Nie lank daarna nie het ’n skoenmaker verbygekom. Hy was self na Shrewsbury toe om al die stewels en skoene wat herstel moes word, te gaan haal.



“Hallo daar!” het ’n stem bo die skoenmaker se kop weerklink. Die skoenmaker het eers gedink ’n heuwel het gepraat.

“Hoe ver is dit tot by Shrewsbury?”

Die skoenmaker was verbaas, maar hy was nie iemand wat maklik skrik nie. Hy het vir homself gedink:

“O, o, wat doen ’n reus soos DÁÁRDIÉ met ’n graaf vol grond soos DÁÁRDIÉ … hy is beslis besig met iets stout.”

“Hoekom wil jy dit weet?” het hy hardop gesê.

“Ek gaan die rivier opdâm en die dorp oorstroom sodat al die mense wat daar woon kan verdrink,” het die reus gesê.




"Iets moet aan hierdie saak gedoen word … en vinnig," het die skoenmaker gedink.

"Weet jy hoe ver dit is tot by Shrewsbury?" het hy gevra.

"Ek weet nie," het die reus geantwoord, en omdat hy lui sowel as dom was, het hy bygevoeg:

"Ek hoop nie dit is te ver nie."



“Ek het self pas daarvandaan gekom,” het die skoenmaker gesê, wat net so slim was as wat die reus dom was.

“Dit was ’n baie uitputtende reis, moet ek sê.”

Hy het sy sak oopgemaak en al die verslete stewels en skoene wat hy vir herstel bymekaar gemaak het, op die grond uitgegooi.

“Dis hoeveel stewels en skoene ek al stukkend geloop het sedert ek Shrewsbury verlaat het,” het hy gesê.



“Regtig?” het die reus verbaas gevra.

“Ja, regtig,” het die skoenmaker gesê, met sy vingers gekruis agter sy rug, want hy het nie die waarheid vertel nie.

“Dan moet dit inderdaad ’n baie lang pad wees,” het die reus gesê.



“O ja, dit is,” het die skoenmaker gesê met ’n moë sug, al was die dorp Shrewsbury net oor die volgende heuwel – en as die reus mooi geluister het, sou hy die stadsaal se klok die uur hoor slaan het.

“Ek kan onmoontlik ’n graaf vol grond SÓ ver dra nie,” het die reus gekla.



“As ek jy was, sou ek dit sommer hier los en huis toe gaan,” het die skoenmaker gesê terwyl hy die stewels en skoene weer in sy sak gepak het.



“Dis goeie raad,” het die reus gesê en die grond van sy graaf afgegooi. Dit het neergeval met ’n gedreun, soos ’n wolkbreuk van donkerbruin reën, en toe die bruin stof gaan lê het, het die skoenmaker langs ’n nuwe heuwel gestaan.

Die reus was besig om sy stewels met die graaf af te krap. Daar het soveel grond aan sy stewels vasgesit dat dit genoeg was om ’n klein heuweltjie langs die groot een te vorm.



Die reus het huis toe gegaan en, ek is bly om te sê, heeltemal van die mense van Shrewsbury vergeet.

Die skoenmaker het al die verslete stewels en skoene reggemaak en dit aan hul regmatige eienaars terugbesorg.

Die twee heuwels wat die reus gemaak het, staan vandag nog daar. En so ook die dorp Shrewsbury – danksy die slim plan van ’n ratsdenkende skoenmaker.




THINK
DIGITAL ACADEMY